

Die hoëpriester sterf (OP54)

Num 20:14-21:3

22 Augustus 2021

In Num 20:1-21:3 word vyf insidente beskryf: (1) Mirjam sterf by Kades (20:1), (2) Moses en Aäron se oortreding tydens die water-uit-die-rots insident (20:2-13), (3) Edom weier om Israel toe te laat om deur hulle gebied te trek (20:14-21), (4) Aäron sterf (20:22-29), en (5) Israel verslaan die Kanaäniete by Gorma (21:1-3). Laasweek het ons by die eerste twee insidente stil gestaan, en vandag wil ek na die laaste drie kyk. Ek wil eerstens stilstaan by Aäron se dood, en daarna kyk na Edom se weiering, asook na die oorwinning oor die Kanaäniete by Gorma.

Aäron, die hoëpriester, sterf (Num 20:22-29)

Die gebeure in Num 20 moes vir Moses 'n besondere swaar tyd gewees het. Eers lees ons van sy suster Mirjam wat sterf in die eerste maand, daarna begaan hy 'n misstap tydens die water-uit-die-rots insident wat tot gevolg gehad het dat die Here geoordeel het dat hy nie die volk in die beloofde land sou inlei nie, daarna weier Edom deurgang aan die volk deur hulle land, en boonop lees ons nou dat Aäron, sy broer, in die vyfde maand gesterf het (Num 33:38).

Ons lees dit was by Horberg wat Aäron gesterf het. Dit is nie presies duidelik waar Horberg geleë was nie, maar ons lees wel dat dit op die grens van Edom was. Ons lees dit is die Here wat aankondig dat die tyd gekom het vir Aäron om te sterf. Die Here bevestig weereens die rede hiervoor is omrede Moses en Aäron nie die bevel van die Here by Meriba gehoorsaam het nie. Moses, Aäron en Eleasar, Aäron se seun, moet Horberg uitklim. Daar op die berg, moet Moses Aäron se hoëpriesterlike klere uittrek, en dit vir Eleasar aantrek. Onthou in Eks 29:5 was dit juis Moses wat destyds by Sinai vir Aäron hierdie klere aangetrek het tydens sy wyding as hoëpriester – dit moes waarskynlik vir hulle beide 'n emosionele oomblik gewees het as hy dit nou weer uittrek. Hulle het toe gedoen soos wat die Here beveel het. Aäron het op die berg gesterf, waarna net Moses en Eleasar van die berg afgekom het. Toe die volk hoor het dat Aäron gesterf het, het hulle dertig dae lank oor hom getreur. Dit is ironies dat die volk wat in opstand was teen Aäron tydens sy lewe, nou dat hy gesterf het, dertig dae lank oor hom treur.

Wat aangrypend van hierdie gebeure is, is die volgende: die hoëpriester is dood! Onthou die rol van die hoëpriester: Hy was die persoon deur wie die volk toegang gehad het tot die heiligdom, en dus tot die Here. Onthou die mismoedige uitroep van die volk in Num 17:12 dat hulle geen toegang tot die heiligdom het nie, en dat dit daarom klaar is met hulle. Sedertdien het die Here baie duidelik gemaak hulle het wel toegang tot die heiligdom – juis deur die werk van die hoëpriester. Dink maar aan die Groot Versoending waarop dit juis die hoëpriester is wat in die Allerheiligste kon ingaan om vir sy eie sondes en vir die sondes van die volk versoening te doen. Dink maar aan die bemoediging van Aäron se bottende kiere waardeur die Here aan hulle gewys het daar is lewe, selfs ewige lewe, beskikbaar deur die werk van die hoëpriester. Maar nou is die hoëpriester dood! En wat dit nog meer tragies maak, is dat hy dood is omrede hy die bevel van die Here verontagsaam het. En dit was juis hy wat vir die volk versoening moes doen as hulle die bevel van die Here sou verontagsaam.

En tog is daar verskeie aanduidings van hoop. Kyk na die volgende:

- In vers 24 lees ons dat dit tyd geword vir Aäron om te sterf (NAV), om by sy volksgenote versamel te word (OAV). Hierdie uitdrukking “om by sy volksgenote versamel te word” is 'n aanduiding dat daar reeds in die Ou Testament die verwagting was dat daar lewe na die dood is. En boonop is hierdie uitdrukking al verskeie kere vantevore gebruik: In Gen 25:8 is

dit gebruik vir Abraham, in Gen 36:29 vir Isak, in Gen 49:33 vir Jakob en in Num 27:13 sou dit ook later gebruik word vir Moses. Dawid het dieselfde siening in 2 Sam 12:23 as die kind wat uit sy owerspel gebore is, sterf. Hy sê daar: “Ek gaan na hom toe, hy kan nie na my toe terugkom nie”. Dawid het verwag om weer die kind te sien – na sy eie dood. Die punt van hoop is dus dat Aäron sou lewe, selfs al het hy gesterf.

- ‘n Ander punt van hoop is dat Eleasar ook teen die berg op is. Eleasar trek Aäron se hoëpriesterlike klere aan voor Aäron sterf. Daar was dus geen oomblik wat daar nie ‘n hoëpriester was nie. Boonop was dit juis die Here wat Eleasar aangewys het as opvolger vir Aäron. En Aäron kon dit alles beleef voordat hy gesterf het. Iemand het die volgende stelling gemaak: “Die Here begrawe sy werkers, en daarna gaan hy voort met sy werk”. En dit is ook wat hier gebeur het.
- Daar was in die Ou Testament ook selfs ‘n sin waarin die dood van die hoëpriester nuwe lewe gebring het. Lees Num 35:28. In hierdie gedeelte word die reëlings in verband met asielstede gegee. Iemand wat onbepland die dood van ‘n ander persoon veroorsaak het, m.a.w. iemand wat skuldig was aan manslag, kon na so ‘n asielstad vlug en dan vervolging deur die familie van die oorledene vryspring. Hy moes daar bly tot die hoëpriester sterf. Daarna kon hy weer terugkeer na sy normale lewe sonder dat hy verder vervolgt kon word.

Die heel beste hoop vind ons egter in Heb 7:20-25. In hierdie gedeelte handel dit oor Jesus se priesterskap versus die Levitiese priesterskap waarvan ons in die Ou Testament lees. In vers 20-22 redeneer die Hebreërskrywer dat daar ‘n verskil is tussen Jesus en ‘n tipiese Levitiese priester (jy moet ook die voorafgaande verse lees om die hele argument te volg): die verskil is dat ‘n Levitiese priester het priester geword omdat hy uit die stam Levi was – hy het dus deur afstamming priester geword. Maar Jesus was nie uit Levi nie. Hy was priester volgens die Melgisedek priesterorde. En Hy het volgens hierdie orde priester geword op grond van ‘n eed van God: “Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek” – wat natuurlik terug verwys na Ps 110:4.

In vers 23-25 redeneer die Hebreërskrywer daar is egter nog ‘n verskil: Nie net was Jesus Priester volgens ‘n ander priesterorde nie, Hy is ook ‘n Priester vir ewig. Dit was nie waar van Levitiese priesters nie – want hulle het almal op een of ander tyd gesterf – soos Aäron in Num 20. Daarom was daar voortdurende opvolging. Maar dit is nie die geval met Jesus nie: Hy is vir ewig Priester, daarom kan hy eens en vir altyd verlossing bring. Met die Levitiese priesters was die ritme soos volg: die hoëpriester is aangestel, en dan sterf hy, dan word hy opgevolg deur iemand anders uit die stam Levi, tot hy sterf, en dan herhaal die proses. Maar dis nie die geval met Jesus nie: Hy is aangestel as Hoëpriester vir ewig. Hy het geleef, en toe sterf Hy in die plek van sondaars. Daarna staan Hy op – om nooit weer te sterf nie. En daarom sal daar nooit ‘n opvolger vir Hom wees nie – want Hy lewe ewig. Trouens, daar hoef nie meer offers gebring te word nie, want Hy het die volmaakte offer gebring. As jy Num 20 en Heb 7 langs mekaar sit, sien jy hoe bevoorreg ons is in die Nuwe Verbond: Ons het ‘n Hoëpriester wat die volmaakte offer eens en vir altyd gebring het, en wat vir ewig Hoëpriester is.

Kan ek nog ‘n laaste saak uitwys rakende Aäron se sterwe: Hier is geen aanduiding dat Aäron kaspie gemaak het teen die feit dat hy gaan sterf nie. Dit lyk of hy gewilliglik die berg oopgegaan het, wetende dat hy nie gaan terugkom nie. Hoe is dit moontlik dat hy tevrede kon sterf? Wel, aan die een kant moes hy erken dat hy by Meriba die bevel van die Here verontagsaam het – sy sterwe, was dus regverdig. Verder het Hy die Here geken. Hy het herhaalde male versoening gedoen vir sy en die volk se sonde. Hy het geweet daar is vergifnis by die Here. Boonop het hy hoeveel keer saam met Moses voor die Here gestaan. En dit moes vir Hom gerusstellend wees dat dit juis dié Here is wat nou aangekondig het dit is tyd om te sterf. Boonop het die Here ook bevestig sy sterwe is nie die

einde nie, nee, hy gaan by sy volksgenote versamel word – by Abraham, Isak, Jakob, en later sal Moses ook daar wees. Boonop het die Here sy opvolger aangewys – en dit is juis sy seun. Die werk van die Here sal dus voortgaan, al is hy nie meer hier nie. Die uitvoer van die Here se plan is nie afhanklik van Aäron nie. Ja, hy het 'n rol gehad om te vervul. Maar nou sal die Here se plan voortgaan, ook in sy afwesigheid. Ja, hy sou nie die beloofde land ingaan nie. Maar, soos Heb 11:40 sê, daar is nog iets beters. Hy beleef op die oomblik al iets daarvan, maar hy wag ook saam met baie ander afgestorwe gelowiges dat ons daar by hulle vergader sal word – en dan deel ons almal saam in die heerlijkheid van die Here. Is jy gereed om soos Aäron te sterf?

Edom weier deurtog aan Israel (Num 20:14-21)

Die vorige keer wat die volk by Kades was, was die plan om die beloofde land van die suide af in te neem. Die plan is egter nou om die land van die oostekant van die Jordaan af in te neem. Die kortste pad van Kades af soontoe, is deur die gebied van Edom. Volgens Gen 36:1 is Edom die nageslag van Esau. Ons ken die geskiedenis tussen Jakob en Esau: Hulle was tweelingbroers. Esau, wat eerste gebore is, het egter sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop. Jakob het Isak bedrieg, en so Esau se seën verkry. Sedertdien was daar maar spanning tussen die nageslag van Jakob en die nageslag van Esau. Vanaf Kades rig Moses 'n goed gemotiveerde versoek aan die koning van Edom om hulle toe te laat om deur hulle gebied te trek: Moses verwys na Israel as die broer van Edom. Hy verwys ook hoe die Here hulle uit Egipte verlos het – waarskynlik wou hy hiermee die koning onder die indruk bring dat dit vir hom beter sal wees as hy Israel se versoek toestaan – immers die Here is by Sy volk. Moses onderneem dat hulle net deur die land sal trek, sonder om iets van hulle lande of wingerde te gebruik – hulle sal net op die koningspad bly (die koningspad was 'n belangrike handelsroete). Die koning van Edom weier egter Moses se versoek. Moses rig dan 'n tweede versoek, en voeg by dat hulle selfs sal betaal as hulle water drink. Maar die koning van Edom weier steeds. Gevolglik het die Israëliete weggedraai en om die gebied van Edom getrek.

In Deut 2:1-8 lees ons ook hieroor. Hier lees ons dat Edom bang was vir Israel. Daardie vrees het waarskynlik gekom van die feit dat die volk so 'n groot volk was – 600 000 mans bo 20 jaar, en van die gebeure oor die afgelope 40 jaar wat duidelik gewys het dat die Here werklik in die midde van die volk was. Maar dit is ook duidelik uit Deut 2 dat die Here die Israëliete beveel het om hulle te bedwing en nie oorlog te maak teen Edom nie, want die land van Edom is deur die Here aan Edom gegee, en die Here gaan niks daarvan aan die Israëliete gee nie. Gevolglik het die Israëliete maar net om Edom getrek.

Edom het egter nie skotvry weggekome nie. Later in die Ou Testament lees ons van talle profesieë teen Edom: Jes 21:11-12, Jer 49:7 ev, Eseg 25:12 ev, Amos 1:11, en die boek Obadja is tot 'n groot mate teen Edom gerig. Hierdie profesieë word teen Edom gerig grotendeels omdat hulle teen Juda opgetree het in samewerking met Babel, en hulle verlekter het in Juda se verdrukking deur Babel.

Kanaäniete word verslaan (Num 21:1-3)

In Num 21:1-3 lees ons dat 'n Kanaänitiese koning, Arad, wat in die suide van die land Kanaän gewoon het, teen Israel gaan veg het en 'n paar van hulle gevange geneem het. Israel het toe 'n belofte aan die Here gemaak: Indien Hy aan hulle die oorwinning oor die Kanaäniete sou gee, sal hulle die stede van die Kanaäniete as 'n banoffer aan die Here wy. Die Here het toe aan hulle versoek gehoor gegee, die volk het die Kanaäniete verslaan, en ook hulle stede heeltemal verwoes. En dan lees ons dat dit by Gorma gebeur het.

Maar ons het al vantevore van Gorma gelees – naamlik in Num 14:45. Dit was na die gebeure by Kades-Barnea toe die volk eers geweier het om die beloofde land te gaan inneem. Nadat die Here

egter aangekondig het dat hulle gevolglik vir 40 jaar in die woestyn gaan rondtrek terwyl die eerste geslag uitsterf, en nadat die 10 verkenner wat aanbeveel het om nie die land in te neem nie, gesterf het deur 'n plaag, het die volk besluit om tog wel op te trek en die land te gaan inneem. Moses het hulle gewaarsku dit is te laat – hulle moet nie gaan nie. Hulle het egter wel gegaan en is verslaan deur die Kanaäniete en die Amalekiete – by Gorma.

Kom ons dink 'n bietjie verder oor die Edom en die twee Gorma insidente:

- By Edom is die volk in 'n sekere sin te na gekom na hulle 'n redelike versoek gerig het, maar dit van die hand gewys is. Israel aanvaar dit so sonder om Edom aan te val.
- By die eerste Gorma insident word Israel deur die Kanaäniete verslaan.
- By die tweede Gorma insident, 38 jaar later, word Israel ook te na gekom – hulle was aangeval en sommiges was gevange geneem. Anders as met die Edom insident, val hulle wel die Kanaäniete aan. Alhoewel dit dieselfde partye as 38 jaar gelede was, is die uitslag anders: Die keer word die Kanaäniete deur Israel verslaan.

As jy net na die feite kyk, lyk dit of daar nie sin is nie: soms val Israel aan, soms nie; as hulle wel aanval, verloor hulle een keer en die ander keer wen hulle. 'n Mens het meer inligting nodig om te verstaan wat besig is om te gebeur:

- Jy moet verstaan die Here het aan Israel gesê hulle moet nie Edom aanval nie, want hulle gaan nie 'n deel van Edom as beloofde land ontvang nie – die Here het Edom aan die Edomiete gegee. Verder help dit om te verstaan met verloop van tyd sou die Here wel teen Edom optree.
- Jy moet verstaan die eerste Gorma insident volg na die volk geweier het om die beloofde land in te neem, hulle het teen die wil van die Here tot die geveg toegetree, en die Kanaäniete was instrument van die Here om Sy volk tereg te wys.
- Jy moet verstaan die tweede Gorma insident gebeur na 40 jaar in die woestyn, waarna die Here beloof het dat hulle wel die land sal inneem. Boonop het die volk onderneem om die stede van die Kanaäniete met die banvloek te tref as hulle die oorwinning sou behaal. Nou gebruik die Here die insident om enersyds teen die Kanaäniete op te tree, en andersyds om sy volk aan te spoor vir die komende inname van die land.

Die punt wat ek probeer maak is dit: Jy het insae in die plan van die Here nodig om die insidente wat plaasvind, behoorlik te kan verstaan.

Kom ons vergelyk hierdie insidente met tipiese nuusgebeure van ons tyd:

- Israel onderhandel met Edom oor deurgang, maar misluk in die onderhandeling. Klink dit nie baie na tipiese onderhandelinge van ons tyd nie: Onderhandelinge tussen Brittanje en die Europese Unie na Brexit, of Amerika met China oor beginsels waarvolgens hulle handel kan dryf met mekaar.
- Eerste Gorma insident wen een party, tweede Gorma insident wen die ander party: 20 jaar gelede het Amerika betrokke geraak in Afghanistan, na die Taliban wat toe aan bewind was, skuiling gebied het aan Al Qaeda na die 11 September aanval op die Wêreld Handelsentrum in New York. Hulle onderduk die Taliban. Die afgelope paar weke, 20 jaar later, het Amerika uit Afghanistan onttrek, en nou het die Taliban weer die oorhand.

Die gebeure in Numeri kan ons net verstaan as ons onthou wat die Here se oorkoepelende doel is, naamlik dat Sy volk die beloofde land moet inneem. Op pad soontoe moet sy volk groei in heiligheid, en op een of ander stadium sal God se oordeel die ander nasies tref. Genadetyd vir die Kanaäniete

het reeds uitgeloopt – daarom was die opdrag aan die volk om hulle uit te roei as hulle die beloofde land inneem. Intussen is die Here ook besig om met Sy volk te werk – hulle moet groei in heiligmaking. As hulle dit nie doen nie, tugtig Hy hulle. Hiervoor gebruik Hy by Gorma 1 die Kanaäniete, en ook 38 jaar later die Edomiete. Maar dit beteken nie die Kanaäniete gaan daarmee wegkom nie – hulle word met die banoffer getref by Gorma 2, en die genadetyd vir Edom sou ook met verloop van tyd uitloop, soos ons uit die profete leer, en dan sal die Here hulle ook tref.

Die punt is dit: die Here gebruik wêreldgebeure om die saak van Sy koninkryk te bevorder. Enersyds moet mense gekonfronteer word om hulle by Sy koninkryk te voeg, die wat hulle reeds daarby gevoeg het, moet groei in heiligheid, en diegene wat dit nie doen nie, moet gestraf word – óf nou al, óf met Jesus se wederkoms en die finale oordeel. Dit is wat ons in gedagte moet hê as ons na wêreldgebeure kyk. Maar dink nou aan wat jy hoor as jy nuus lees of luister:

- Brexit en Amerika/China onderhandelinge gaan primêr oor finansiële gewin vir die onderskeie partye.
- Bekommernis oor Afghanistan gaan primêr oor die gevaar van moontlike nuwe terreurdade vir die Weste, en oor menseregte in Afghanistan.
- Intussen is die wêreld vasgevang in 'n covid19 pandemie, en is gevolglik in 'n ekonomiese knyp. Die oplossing vir die probleem lê in inentings, waarna die lewe uiteindelik weer na sogenaamd “normaal” sal terugkeer.
- Intussen sterf duisende mense in Haiti in 'n aardbewing – dit is net 'n natuurramp.
- En al hoe meer frats weerstoestande lei tot lewensverlies en groot skade reg oor die wêreld – dit is die gevolg van globale aardverwarming.

Moet my nie verkeerd verstaan nie: Ek argumenteer nie dat ons al hierdie gebeure net moet ignoreer en maar hulle gang laat gaan nie. Ek dink dit is deel van ons skeppingsopdrag om hierdie sake verantwoordelik aan te spreek en oplossings te soek.

Wat ek wel argumenteer is dat daar baie meer in hierdie gebeure sit: Die Here is hier aan die werk. Hy is besig om die wêreld te konfronteer. Dink byvoorbeeld aan wat het met die Christendom in Amerika gebeur sedert 11 September 2001? Alles wat ek lees sê dit het agteruit beweeg. En die Here sê met die Afghanistan gebeure: Word wakker! Natuurrampe en abnormale weerstoestande gebeur, en die Here sê: Word wakker! Daar is belangriker dinge as beste ekonomiese groei. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar! En dit is die kerk, met haar insig in die Here se wil, wat hierdie perspektief moet raaksien en moet laat hoor.

Dit voel vir my soms die covid19 debat het verval in: Moet ons maskers dra of nie? Moet ek my laat inent of nie? Mag die regering mense forseer om ingeënt te word of nie? Moet 'n Christen hom/haar laat inent of nie? Is dit alles China se skuld? En dit is seker geldige vrae. Maar intussen is dit die Here wat sê: Word wakker! En dit is die kerk, met haar insig in die Here se wil, wat hierdie perspektief moet raaksien en moet laat hoor.

In Numeri is die Here is doelgerig op pad met Sy volk na die beloofde land. Vandag is Hy doelgerig op pad met Sy koninkryk na die nuwe hemel en die nuwe aarde. Hy roep voortdurend: Word wakker! Kom in terwyl daar tyd is! Hy het die kerk geroep om namens Hom te roep. Hy stuur gebeure waarvan die hele wêreld bewus is, en Hy verwag Sy kerk moet die regte perspektief aan die wêreld gee: Deur die gebeure is die Here besig om Sy volk te heilig, maar Hy is ook besig om Sy vyande te oordeel. Gebruik die gebeure om skatte in die hemel bymekaar te maak.

Mag die Here ons as gelowiges help om ywerig en getrou te wees aan ons roeping.